HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 02 van 2026

19 Januarie 2026

Geagte Ouer/Voog

Graag kommunikeer ons die volgende belangrike reëlings vir die 2026-swemseisoen.

- Oggendoefensessies is 06:15 op Maandag-, Dinsdag- en Woensdagoggende.
- Middagsessies is Maandae en Woensdae van 15:00 tot 15:45 en Dinsdae van 14:00 tot 14:45.
- Swemmers moet minstens twee oefeninge per week bywoon.
- Swemoefening is verpligtend vir almal behalwe klubswemmers. Indien daar enige probleme in verband met die bywoning van oefening is, reël asseblief met Juf. Olivia Campbell.
- Alle galas vind op Donderdae plaas. As 'n leerder nie die week se gala kan bywoon nie, moet daar reeds teen daardie week se Maandag by Juf. Olivia Campbell verskoning gemaak word.
- Daar sal vir elke gala busvervoer vir die leerders wees, waarvan hul na die swemgala gebruik moet maak. Leerders mag na afloop van die swemgala van eie vervoer gebruik maak. Die bus sal na afloop van elke swemgala weer na die skool terugkeer.
- Benodighede vir die jaar is soos volg:

  Randburgswemkappie en 'n vlootblou ("navy") swembroek wat by Constantia te koop is.
  'n Swemhanddoek kan teen R260 bestel word.
  Betaling vir die handdoek kan in die volgende rekening per EFT gedoen word. Stuur asseblief die bewys van betaling aan olivia.campbell@hsrandburg.co.za.

  ABSA BANK
  Rekeninghouer: Hoërskool Randburg
  Rekeningnommer: 170 680 065
  Takkode: 632005
  Verwysing: Swemh, leerkode en met kind se naam (bv. Swemh,12345,Jannie)

Die program is soos volg:

Datum	Plek	Opponente
22/01/2026	De La Salle Holy Cross College	De La Salle, King David, Pinnacle College Linden, Saheti School, Sacred Heart
29/01/2026	Allen Glen High School	Linden HS, Pinnacle College Kyalami, Summerhill International College
05/02/2026	Saheti School	Beaulieu College, Deutsche Schule Johannesburg, Linden HS, Pinnacle College Linden, St Martins HS, Reddam House Waterfall
12/02/2026	Pinnacle College Linden	Agape Christian School, Alma Mater International School, Cedarwood School, Radford House, King's School Robin Hills
19/02/2026	Tuis	Northcliff HS, Helpmekaar Kollege
26/02/2026	Randpark High School	King David School, St Peters College
04/03/2026	Interhoër. Plek nog onbekend.	Randpark High School, Curro Herronbridge, Crawford Lonehill, Linden HS, Crawford Sandton, Benoni HS, Monument HS
11/03/2026	Prestige gala by St Stithians begin om 09:00	

Ons doen 'n beroep op elke ouer om asseblief sy/haar kind aan te moedig en te ondersteun om aan al die galas deel te neem en sy/haar beste vir die 2026-swemseisoen te gee.

'n Leerder moet seker maak sy/haar nommer is, vir noodsaaklike kommunikasie, op die *WhatsApp* groep.

Slegs vir skoolleerders:

Slegs vir swemouers:

Vriendelike Randjiegroete

O. Campbell
Swemorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof